Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 17: *Yitro* (יתרו) (Jetro)

Yitro, die nie-Levietiese priester van Midyan, Moshe se skoonvader, het alles gehoor wat God vir Moshe en vir Sy volk Yisra'el gedoen het; hoe יהוה *Yisra'el uit Egipte uitgebring het.* Ex. 18:1 – PWL[1]

Torah: Exodus 18:1 tot 20:26.

Haftorah: Jes. 6:1 tot 7:6 en Jes. 9:5 en 6.

Hernieude Verbond: Matth. 5:17 tot 19; Matth. 6:1 tot 8:1; Matth. 19:16-30; John 14:15; Rom. 7:7 tot 12; Rom. 13:8 tot 10; Hebr. 12:18 tot 29; Jak. 2:8 tot 13; 1 Joh. 2:3 tot 6; 1 Joh. 3:4 tot 10

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 17 wat afgelaai kan word by: Parashah17Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info .

False teachers tend to avoid difficult truths such as sin, judgment, and repentance, and focus on what people want to hear, rather than what they need to hear. (Refer to Jeremiah 23.) False teachers provide layers of truth mixed with error, but even a broken clock is right twice a day. Today, when the truth of God's Word is spoken, people are often offended because they've been conditioned to hear "feel good" messages that do little in calling out sin – Shane Idleman.

Sin does not become righteousness because it is accepted by the majority – Anonymous

Midrash (Torah Bespreking)

Die Sinai Ontmoeting

In die derde maand nadat die kinders van Yisra'el uit die land van Egipte uitgegaan het, op dieselfde dag, het hulle in die wildernis van Sinai gekom. Hulle het van Refidim af opgebreek, in die wildernis van Sinai gekom en in die wildernis kamp opgeslaan. Yisra'el het daar voor die berg kamp opgeslaan. Ex. 19:1 en 2 – PWL.

Die aankoms by die berg Sinai was Israel se eerste baie belangrike afspraak met YHVH op hul tog na die Beloofde Land! YHVH self het hierdie afspraak met Sy volk Israel gereël en die doel was om Homself op so 'n wyse te openbaar dat elkeen, sowel as die nageslagte, die Karakter en Outoriteit van El-'Olam, die Ewige Magtige God, sal ken. Hierdie is die enigste keer in die geskiedenis waar die hele Israel 'n aangesig-tot-aangesig ontmoeting met YHVH die Almagtige gehad het! Die sowat drie miljoen Israeliete het almal YHVH se stem gehoor en niemand het getwyfel oor wat hulle gehoor het nie, want hulle het dit self direk van God gehoor!

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

By Sinai het YHVH Sy eiendomsvolk versamel om aan hulle ‘n huweliksaanbod te maak. Dit was in opvolg van YHVH se bewys van Sy liefde vir Israel toe Hy hulle van die Egiptiese slawejuk bevry het. Hierdie was YHVH se liefdesverklaring van Sy begeerte om in alle opsigte vir hulle te voorsien, naamlik om as Bruidegom hulle YHVH-*Yireh* (Voorsiener) na gees, siel en liggaam te wees. As bewys van hierdie liefde en voorneme, het YHVH Homself bereid verklaar om dit deur ‘n huweliksverbond (*ketuba*) vir ewig te bekragtig. Die seëninge en voorwaardes van hierdie huweliksverbond is verwoord in die Torah – YHVH se onderrig, instruksies en wysheid vir die bruid wat deur middel van Moses aan Israel aangebied was. In kort is hierdie huweliksverbond die versekering dat indien Israel YHVH se onderrig en instruksies (Torah) nougeset in hulle lewens toepas, dan sal hulle nooit weer slawe wees nie!! Wie kan so ‘n liefde weerstaan en so ‘n aanbod weier?!

Die hoogtepunt van hierdie week se parashah is die ontvangs van YHVH se Torah, naamlik die Vader se liefdevolle onderrig, instruksies en wysheid. Sewe weke na die uittog uit Egipte staan Israel gereed aan die voet van Sinai om YHVH se Torah te ontvang. Hierdie dag en gebeurtenis staan as *Shavout* bekend – die Fees van Weke (Pinksterfees)

Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op ‘n afstand bly staan. Ex. 20:18 – PWL.

Die gee van YHVH se Torah, en die ontvangs en bevestiging daarvan by wyse van ‘n verbond, is ‘n sinnebeeld van die uitstorting van die Afgesonderde Gees.

Na Pesag (sinnebeeld van wedergeboorte en bekering) en die deurtog deur die Rooisee (sinnebeeld van die waterdoop) moet ons elkeen by ‘Sinai’ vertoef om YHVH se Torah en die Afgesonderde Gees te ontvang! Alleenlik dan is ons gereed om die tog deur die wildernis van hierdie wêreld na die Beloofde Land (die beloftes) aan te pak!

Dit is baie belangrik om die volgende te onthou: Die volgelinge van Yeshua was op die dag van *Shavuot* (Pinkster) bymekaar om die gee van die Torah te gedenk!! Soos Israel van ouds het hulle hulself ook voorberei vir hierdie afspraak (ontmoeting) met YHVH. Waarskynlik het hulle hierdie keer ‘n verwagtende verlange gehad na die belofte wat Yeshua hulle aan herinner het voordat Hy in die hemel opgeneem is, naamlik:

En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie. Hand. 1:4 en 5

Ons lees ook: *Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking* (Hand. 1:14).

Dan lees ons die volgende in Hand. 2:1 tot 4:

En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel ‘n geluid soos van ‘n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Afgesonderde Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

Soos Israel van ouds by die berg Sinai het die volgelinge van Yeshua die sigbare manifistasie van YHVH die Almagtige gesien en gehoor. Dit was soos ‘n *geweldige rukwind en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het*. Net soos Israel van ouds het die gelowiges in Yeshua ook die manifistasie van YHVH se woorde soos tonge van vuur gesien! Anders as met Israel by die berg het die vuur van YHVH nie die Torah op kliptafels geskryf nie, **MAAR** op die tafels van die harte van elke gelowige in Yeshua!! Dit was die vervulling van die profesie deur Jeremia:

Kyk, daar kom dae, spreek YHVH, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle

hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek YHVH. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek YHVH: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken YHVH; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek YHVH; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie. Jer. 31:31 tot 34 (Verwys Heb. 8:8 tot 12).

In Gees en Waarheid.

Julle aanbid wat julle nie ken nie; Ons aanbid wat Ons ken: Hy wat Lewe is, is vanuit die Jode, maar daar kom 'n tyd en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en waarheid sal aanbid, want die Vader soek dié wat Hom só aanbid. God is Gees en dit is toepaslik dat hulle wat Hom aanbid, in Gees en waarheid aanbid. Joh. 4:23 en 24 – PWL.

Wat beteken dit dat die ware aanbidders die Vader in Gees en in Waarheid aanbid?

Om te *aanbid* het 'n veelvoudige betekenis en is ondermeer *om eer te betoon; te bewonder; verootmoediging; om neergeboë te wees; om plat op jou aangesig in bewondering te lê; nederige onderdanigheid met 'n gesindheid van absolute bewondering.* Letterlik beteken dit *soos 'n hond wat sy eienaar se hand liefderyk lek – to show affection* .

Wat beteken dit om *in Gees* te aanbid? Dit verwys na die Afgesonderde Gees. Dit is om te aanbid met die gesindheid van die Afgesonderde Gees!

Wat is waarheid? **YHVH se Torah is waarheid!!**

Die vrees van YHVH is rein: dit bestaan tot in ewigheid; ***die verordeninge (Torah) van YHVH is waarheid*** *– tesame is hulle regverdig.* Ps. 19:10

U geregtigheid is geregtigheid tot in ewigheid, ***en u wet (Torah) is waarheid****.* Ps. 119:142

U, o יהוה*, is naby en* ***al U opdragte (Torah) is waarheid*** – Ps. 119:151 – PWL.

Daarom kan ons Joh. 4:23 en 24 ook soos volg vertaal:

maar daar kom 'n tyd en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en ***Torah*** *(waarheid) sal aanbid, want die Vader soek dié wat Hom só aanbid. God is Gees en dit is toepaslik dat hulle wat Hom aanbid, in Gees en* ***Torah*** *(waarheid) aanbid.*

Wat is die heel basiese vereiste waaraan voldoen moet word om in Gees en Waarheid te kan aanbid? Die antwoord is:

Jy moet יהוה*, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. Dit is die eerste en grootste opdrag en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete."* Matt.22:37 tot 39 – PWL

Om YHVH met my hele wese lief te hê is om die volgende te hoor en te doen (Joh. 14:21, 23 en 24)

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My liefhet en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar."

Yeshua antwoord en sê vir hom: "As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak.

Hy wat My nie liefhet nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het.

Geen mens kan in Gees en Waarheid aanbid indien YHVH se Torah verwerp word as uitgedien! Die mens wat verklaar dat hy vry van YHVH se wet (Torah) is, en glo dat hy in Gees en Waarheid aanbid, ken YHVH nie en is ‘n leuenaar.

Luister aandagtig na die woorde in 1 Joh. 2:3 en 4:

En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie (Torah) bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie (Torah) nie bewaar nie, is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie.

So ‘n mens aanbid met onrein lippe!! Doelbewuste sonde veroorsaak onreinheid en sonde is die oortreding van Torah (1 Joh. 4:3).

Onrein lippe.

Toe Jesaja as profeet geroep is, het hy in ‘n visioen die Gemanifisteerde Heerlikheid van YHVH-God ervaar (Jes. 6:1 tot 4) en daarop gesê:

Wee my, ek is vernietig, want ek is ‘n man van onrein lippe en ek woon onder ‘n volk van onrein lippe, want my oë het die Koning, יהוה*-Tzva’ot, gesien!”* Jes. 6:5 – PWL

Telkens wanneer Israel in Torah-ongehoorsaamheid verval het, het hulle lippe onrein geword, want die woorde wat hulle by Sinai gespreek het, naamlik: *Al die woorde wat YHVH gesê het, sal ons doen* (Ex. 24:3), het ‘n leuen geword. Dan het Israel se reinheid het in onreinheid verander! Daarom het Jesaja onder die diepe besef van sy eie sonde gekom, asook onder die besef van die sonde van die volk onder wie hy woon, en dus van sy eie onwaardigheid om in YHVH se teenwoordigheid te staan. Jesaja het geweet dat dit wat onrein is nie in YHVH se teenwoordigheid kan staan nie.

Maar daar waar daar ‘n besef van sonde is wat met opregte berou gepaard gaan, daar is die genade van YHVH oorvloedig. Daarom sê Jesaja:

Toe het een van die serafs na my toe gevlieg met ‘n brandende kool in sy hand, wat hy met ‘n tang van die altaar afgehaal het. Hy het my mond aangeraak en gesê: “Let op, dit het jou lippe aangeraak en jou wetsoortreding is weggevat en jou sonde vergewe.” Jes. 6:6 en 7 – PWL.

Jesaja se oortreding van Torah (sy sonde) is vergewe deur ‘n brandende kool vanaf die brandofferaltaar – die plek waar daar vir die sondes van die volk geoffer was. Nou het Jesaja se onreinheid in reinheid verander. Sy onrein lippe was nou lippe van reinheid en hy was gereed om as profeet na die volk te gaan om hulle te waarsku van YHVH se naderende strafgerigte indien hulle nie terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid nie.

Soos Israel en Jesaja het ons ook by Sinai gestaan en bely dat *al die woorde wat YHVH gesê het, sal ons doen* (Ex. 24:3; Deut. 29:14 en 15). Ons rein lippe het egter in onrein lippe verander weens ons Torah-ongehoorsaamheid. Wanneer ons egter soos Jesaja met berou tot die besef van ons onreinheid kom, sal ‘n brandende kool van YHVH se brandofferaltaar, naamlik van die folterpaal waaraan Yeshua gehang het, ook ons lippe aanraak sodat ons weer rein kan word.

Mag ons ‘n volk van rein lippe wees wat YHVH in Gees en Waarheid aanbid!

Bepeins of Bespreek

1. Wie is daar wat nog vrees wanneer die tien gebooie gelees word? Is dit nie tyd dat ons almal opnuut ‘n Sinai-ervaring ondergaan nie?

2. Volgens Hebreeuse denke is Torah-gehoorsaamheid die hoogste vorm van aanbidding! Lofprysing (aanbidding) deur sang en musiek is slegs ‘n uitvloeisel van ware aanbidding deur Torah-gehoorsaamheid!

3. The Ten Commandments may be summarized this way: 1) "I am your only deliverer, the One who loves and chooses you; 2) love me exclusively; 3) regard my love as sacred; 4) rest in me; 5) honour your life and its history. Do no harm to others: 6) forsake anger, 7) abandon lust, 8) renounce greed, and 9) abhor lying. 10) Refuse envy. Know that you belong to me and that you are accepted. Love others as you are also loved... (Hebrew4Christians)

4. YHVH se Torah kan ook soos volg verduidelik word:

   - ❖ Die onderrig aan die bruid aangaande ‘n leefwyse saam met die Bruidegom.
   - ❖ Die huweliksverbond (*ketubah*) bevattende die huweliksvoorwaardes!
   - ❖ Die bewys van YHVH se getrouheid aan die bruid.
   - ❖ ‘n Leefwyse van gehoorsaamheid om die Bruidegom waarlik te leer ken.
   - ❖ Die onderrig en instruksies in geregtigheid.
   - ❖ Die nou poort en die smal weg.
   - ❖ Yeshua is die Lewende Torah. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe!

-o-o-o-o-o-o-o-

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.